Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Leefkuns

# Kritiek

## Matteus 7:3-5

*Kritiek kan (minstens) twee kante hê. Daar is kritiek wat opbouend en sinvol is, en kritiek wat afbrekend en vernietigend is.*

*Positiewe kritiek is nodig sodat ons mekaar kan help om ons insigte en pogings te verbeter en verfyn. Niemand leef alleen op 'n eiland nie; almal het mekaar nodig.*

*Negatiewe, afbrekende kritiek kan mense knak en vernietig. Die ironie is dat dit ons blind maak vir die positiewe sê Jesus in Matteus 7. Wees versigtig om onnodig krities te wees. Dink goed voor jy die "splinter" in iemand anders se oog raaksien. Daar is dalk nog 'n balk in jou eie oog wat jou blind maak vir die groter prent.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Wat kan jy baat, sou jy hierdie "kuns" kan aanleer in jou lewe?*

***Definisie:***

*Opinies of uitsprake wat mense kan vernietig of kan opbou, wat of negatief of positief kan wees.*

*(Bybel 24/7)*

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Leefkuns

# Kritiek

Lees Matteus 7:1-6. Hoe hou hierdie gedeelte verband met Matteus 5: 5 en Matteus 6:12? Op watter maniere het jy jouself betrap om ander te beoordeel in plaas daarvan om ander lief te hê? (Hou die definisie van "regter" in gedagte soos Jesus dit hier in Matteus7:1 gebruik)

Dit kan moeilik wees om die presiese oomblik te onderskei wanneer ons begin is om iemand te beoordeel teenoor verstandige onderskeidingsvermoë, wat die Bybel ons ook beveel om te doen.
Lees hierdie gedeeltes:
- Matteus 7: 15-20, veral vers 20.
- 1 Korintiërs 5: 9-13
- Jakobus 4: 11-12

Lees Matteus 7: 6. Lees ook die skrifgedeeltes hieronder en bespreek hoe dit ons help om te verstaan wat Jesus in die gedeelte van vandag sê. Wat sê Jesus oor wie ons moet probeer oordeel vanuit die staanspoor van liefdevolle onderskeiding en regstelling, nie veroordeling nie)?

Hoe oop is jy op 'n skaal van 1-10 op die oomblik om liefdevolle regstelling van 'n geliefde te ontvang?
- Matteus 13: 45-46
- Spreuke 9: 7-10
- Filippense 3: 2
- Openbaring 22: 12-15, veral vers 15

Quellerina Gemeente